# Les 08 - KONINGSKINDERS: DIE HERE VAT MOSES SE GROOTMENEER-HOUDING WEG SODAT HY OP GOD KAN VERTROU EN GOD KAN DIEN

## 1. Moses is ’n deurmekaar kind van die Here wat ’n grootmeneer-houding gekry het

Die Here het Moses se lewe gered toe hy ’n babatjie was en hom veilig binne-in die paleis van die Farao laat grootword. Moses het baie deurmekaar grootgeword. Terwyl hy in die paleis die Farao se dogter se seun was, het hy nog steeds ook kontak met sy eie ma en pa gehad. Dit was nie toevallig nie. Die Farao se plan was om Moses te gebruik om baas te wees oor sy eie mense. Moses moes leer om die Israeliete se baas te wees, want hy het gewoond geraak aan al die geld en mag van die paleis. Dit is baie deurmekaar vir ’n seun om só tussen twee huise groot te word.

In hierdie deurmekaarheid het Moses iets in die paleis aangeleer: Hy het ’n grootmeneer-houding aangeleer. Kom ons lees die ware verhaal van wat met Moses en sy grootmeneer-houding gebeur het:

*“[11] Toe Moses al ’n volwasse man was, het hy op ’n keer na sy eie mense toe gegaan en gesien dat hulle dwangarbeid verrig. Hy sien toe hoe een van sy eie mense, ’n Hebreër, deur ’n Egiptenaar geslaan word. [12] Nadat Moses rondgekyk het en niemand gewaar het nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom onder sand toegekrap. [13] Die volgende dag gaan hy weer, en tot sy verbasing was daar twee Hebreeuse manne aan die baklei. “Waarom slaan jy aan jou broer?” vra hy vir die een wat die rusie begin het. [14] “Wie het jou aangestel as baas en regter oor ons?” vra die ander. “Wil jy my miskien ook doodslaan, soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het?” Toe skrik Moses en hy dink: die ding het bekend geword. [15] Toe dit by die farao uitkom, wou hy vir Moses laat doodmaak, maar Moses het van hom af weggevlug en in Midian gaan woon.”* (Exodus 2)

Moses is ’n deurmekaar kind van die Here.

Moses se eie pa en ma glo in die Here, maar sy aanneem-ma glo haar pa, koning Farao, is God. By sy eie pa en ma het hy liefde gekry, maar hulle was arm slawe. By sy aanneem-ma het hy liefde en baie geld, goeie skoolopleiding en geleerdheid gekry. Sy eie pa en ma was ’n slawe, maar hy het in ’n paleis geleef waar die slawe hóm moes bedien. Dis ’n baie deurmekaar manier om groot te word.

Kyk hoe deurmekaar het dit Moses gemaak!

Toe hy al groot was, het hy nog steeds geweet die arm slawe is sy eie mense. Hy was nie skaam vir hulle nie. Hy het na hulle verlang en was bekommerd oor hoe hulle hulle moes morsdood werk vir die Farao.

Toe het dit tyd geword dat hy moes begin toesig hou oor die slawe as een van Farao se base. Toe hy hulle gaan besoek, sien hy hoe ’n ander een van Farao se base ’n werker slaan. Dit was nie sommer met die vuis slaan of met die hand klap nie. Dit was met ’n sweep slaan om stukkend en flenters te slaan. Hulle was só geslaan om altyd te weet die Farao is God: jy werk jou morsdood en jy bly maar stil! Jy mag nie vrae vra, kla of iets sê nie.

Moses is ’n kind van die Here. Hy voel dadelik dat dit nie reg is om mense so te slaan nie. ’n Mens mag nie so met mense maak nie. Dit is nie reg nie. Dit is teen die Woord van die Here. Dit is presies die gevoel en geloof van die twee tannies wat al die seuntjies se lewe gered het. Dit was ook die gevoel vir die wonder van die lewe wat die Here aan Farao se dogter gegee het, en wat gemaak het dat sy Moses aangeneem het.

Maar wat maak hy? Hy maak net soos die Farao! Hy besluit sommer hy gaan die man doodslaan! Dis hoekom hy eers skelm rondloer of iemand hom sien. Wie het só besluit: “Ek gaan sommer al die seuntjies laat doodmaak”? Dit was die Farao. En Moses was een van die seuntjies wat hy wou doodmaak!

Watter houding het Moses in die paleis aangeleer? Hierdie houding: as iets verkeerd is, dan mag ek geweld gebruik om dit reg te maak! Waar het Moses hierdie houding gekry: “Ek sal sommer iemand doodslaan as hulle verkeerd optree!” Dit het hy ook in die paleis gekry. Dit is die houding van die Farao. Hoe verskil dit van die Farao se houding: “Ek mag geweld gebruik om te doen net wat ek wil!” Net mooi niks nie. Moses glo nou, net soos die Farao, dat hy ’n rede het om geweld teen ander mense te mag gebruik. Hy glo hy mág ander mense seermaak.

Kyk hoe deurmekaar is dit! Die Here red Moses se lewe van die Farao wat dink hy kan sommer seuntjies doodmaak. Hy laat Moses veilig in die paleis grootword om hom teen hierdie magslus van Farao te beskerm. Maar Moses kry binne die paleis nét so ’n grootmeneer-houding soos die Farao: hy wie se lewe gered is, vat nou sommer iemand anders se lewe.

Die paleis se gemak, se geld, se mag en oorvloed, het gemaak dat Moses voel hy is net so magtig en sterk soos die Farao! Hy kan net soos die Farao maak – mense doodmaak net soos hy wil.

Moses is lekker deurmekaar: hy is ’n kind van die Here wat voel mense mag nie mishandel word nie, maar slaan dan sommer ’n mens dood.

**2. Moses kan nie meer sy eie mense se leier wees nie**

Moses sien sy lewe anders as wat die Farao vir hom beplan het. Die Farao het gedink Moses sal ’n leier vir Egipte word. Hy sal die Egiptenare help om die Israeliete slawe te laat bly. Moses sien dit anders. Hy sien homself as leier van

die Israeliete. Hy dink dit is verkeerd dat hulle slawe is. Hy dink dit is verkeerd dat die Farao homself groot en ryk maak uit al die werk wat hulle sonder betaling moet doen. Hy voel hy wil hulle eerder help met al hulle swaarkry, as wat hy die Egiptenare wil help om hulle nog swaarder te laat kry.

Maar hy het hierdie grootmeneer-houding wat hom sommer laat voel hy mag ander mense doodmaak as hulle verkeerd optree.

Hy gaan weer kyk hoe die Israeliete hulle morsdood werk om vir die Farao stene te maak vir al sy bouplanne. Kyk wat gebeur nou! Nou sien hy dat twee Israeliete mekaar slaan. Vir Moses is dit heeltemal deurmekaar. Hy voel hulle moet saamstaan en teen die Egiptenare baklei. Hulle moet mos nie met mekáár baklei nie! Hy gaan na hulle toe met hierdie houding dat hý hulle leier is, en wys hulle dat hulle verkeerd maak. Hy dink hy is hulle leier. Hy mag met hulle raas en hulle moet na hom luister.

Maar dan kry hy die verrassing van sy lewe. Onthou, hy het tussen twee huise grootgeword: ’n ryk paleis met mag, en ’n arm huis met liefde. Moses sien homself as een van die arm slawe. Hy voel hy is een van hulle. Hy is aan hulle kant. Maar dit is nie hoe die Israeliete hóm sien nie. Hulle sien hy is ’n Egiptenaar. Ryk en magtig! Nou wil hy kom maak asof hy een van hulle, die slawe, se eie leiers is.

Hulle verwerp hom en wil nie hê hy moet hulle leier wees nie – want hulle het gesien hoe hy sommer ’n Egiptenaar doodslaan. Hulle weet as hy kwaad word oor wat die Egiptenare verkeerd doen en hulle doodslaan, dan gaan hy hulle mos óók doodslaan as hy vir húlle kwaad word as hulle iets verkeerds doen.

Moses kan met hierdie grootmeneer-houding: “As ek reg is en iemand anders is verkeerd, dan mag ek hom doodslaan”, nie deur die Here gebruik word om die Israeliete te help nie. Met hierdie houding kan hy nie die Here dien nie. Om die Here te dien, beteken dat ons glo God is groot en ons dien die Here. Ons mag nooit glo ons is só groot dat ons geweld mag gebruik net omdat iemand verkeerd is, en ons reg is nie.

### 3. Die Here vat al Moses se mag en rykdom weg

Wat doen die Here met Moses se grootmeneer-houding? Waar kry Moses hierdie grootmeneer-houding? Dit is in die paleis waarin hy bly, met al die geleerdheid, geld en mag.

Daarom vat die Here al die mag en geld waarin Moses leef, van hom weg.

Hy moet vlug vir sy eie lewe. Die Here het die paleis gebruik om Moses veilig te laat wees teen die geweld van die Farao. Maar Moses het dit misbruik om homself groot en magtig te laat voel. Daarom vat die Here hierdie lewe van mag

en rykdom by Moses weg. Die Here laat hom vlug na die woestyn waar mense in tente bly, sonder die mag en geld van die Farao.

**4. Net gelowiges kan die Here dien, nie mense met ’n houding aan hulle nie**

Deur Moses se paleislewe weg te vat, wys die Here vir hom dat die Israeliete die Hére se volk is. Hulle is nie Moses se volk nie. Hy kan nie sommer besluit hy is hulle leier net omdat hy slim en magtig is nie. Die Here gaan Sy volk met Sý groot wysheid en mag help. Hy gaan nie Sy volk help met Móses se groot slimmigheid en mag nie.

Deur Moses se paleislewe weg te vat, wys die Here vir hom dat hy nooit die reg het om ander mense sommer seer te maak en dood te maak, net omdat hulle verkeerde dinge doen nie.

Deur Moses se paleislewe weg te vat, wys die Here vir hom dat as hy Egiptenare kan doodmaak net omdat hulle verkeerd optree, dan kan en gaan hy mense wat die Here dien, ook doodmaak as hulle iets verkeerds doen.

Deur sy paleislewe weg te vat, breek die Here Moses se grootmeneer-houding. In die woestyn is hy nou ’n vreemdeling tussen mense sonder enige mag. Nou is hy van vreemde mense se liefde, sorg en goedheid afhanklik. En hier gaan die Here hom wys hoe God sélf vir Moses sal sorg, al het hy geen mag nie, net soos die Here Sy volk gaan versorg en help, al het húlle geen mag nie.

Dit is hoe Moses weer kan onthou dat die Here hom só gehelp het toe hy ’n hulpelose baba sonder mag was. Moses het vergeet dat dit die Here was wat hom as hulpelose baba versorg het en gehelp het. In die woestyn kan Moses sien dit is áltyd so: ons leef áltyd binne die hulp en sorg van die Here. Dit is nooit ons eie mag en rykdom wat ons maak wat ons is nie.

Mense wat glo in die Here se sorg, liefde en goedheid, is mense wat weet hulle moet die Here dien en gehoorsaam wees. Hulle kan nie ’n grootmeneer-houding kry met die versorging wat die Here vir hulle gee nie. Hulle weet dat die Here hulle lewe gee en beskerm.

Deur Moses se paleislewe weg te vat, wys die Here vir hom dat Hy sy verkeerde optrede tug, maar dat die Here Moses nie uitlos nie. Die Here gooi Moses nie weg omdat hy moord gepleeg het nie. Die Here vat sy mag weg om hom te leer om ’n leier te wees wat God dien volgens die Woord van die Here.
Daarna gaan ons volgende keer kyk.

**5. Opdrag**

Gaan vra vir julle ouers hoekom dink hulle het Moses so ŉ grootmeneer-houding gekry dat hy sommer ’n Egiptenaar doodgeslaan het! Dan gee jy vir hulle die

antwoord: hy het vergeet dat die Hére hom veilig gemaak het in die paleis! Hy het gedink die paleis maak hom net so groot en sterk soos die Farao.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________
Handtekening: ouer of voog